

## 26 Februarie 1 Korintiërs 12:12-26, (Teks: 12:18)

### ***God het 'n plan en jy het doel***

Wanneer jy na jou liggaam kyk sal jy sien hoe wonderlik God jou aanmekaar gesit het. Jou liggaam bestaan uit baie verskillende ledemate en organe wat saam 'n kompakte eenheid vorm. So ook die liggaam van Christus, naamlik die kerk.

God se plan met die liggaam is dat die liggaam vir homself kan sorg en homself gesond kan hou. Daarom bestaan 'n liggaam uit verskillende dele - elk met sy eie funksie. Net soos wat God elke ledemaat en orgaan besonders gemaak het om 'n spesifieke funksie(s) in die liggaam te verrig, so het God ook jou, as lidmaat, in die liggaam van Christus geplaas met 'n doel.

Dit staan vas - God het sy kerk met 'n plan saamgestel, en jy het 'n doel in die kerk waar God jou geplaas het. Vra jouself af: Wat is my taak in die liggaam waar God my geplaas het? Bid om die krag en die selfopoffering om jou taak in die liggaam waar jy geplaas is te kan uitvoer.

Sing: Skrifberyming 21:1

Ds. L.J. Venter (Benoni)